147/84

PIETER WILLEM DE BEER

EN

DIE STAAT

195/84/AV

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

PIETER WILLEM DE BEER — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: Wessels, Wnd AR, Jansen, Joubert, Van Heerden, ARR
Smalberger, Wnd AR

VERHOOR: 13 November 1984

GELEWER: 29 November 1984

---

U I T S P R A A K

WESSELS, WND AR

Appellant en sy jonger broer (Zagarias) is in die Noordelike Rondgang Plaaslike Afdeling te Pietersburg deur

regter ............

regter GROSSKOPFF en twee assesore weens moord (drie aanklagte) en poging tot moord (twee aanklagte) skuldig bevind. In Zagarias se geval is bevind dat versagtende omstandighede by die pleging van die drie moorde aanwesig was en die voorsittende regter het in die uitoefening van sy diskresie gevangenisstraf beveel. Wat appellant betref was dit die eenparige bevinding van die verhoorhof dat dit nie deur hom bewys is dat in sy geval versagtende omstandighede by die pleging van die drie moorde aanwesig was nie. Die voorsittende regter het gevolglik die doodvonnis ten opsigte van elkeen van die moorde beveel. 'n Aansoek om verlof om na hierdie hof te appelleer teen die bevinding dat versagtende omstandighede nie by die pleging van die moorde aanwesig was

nie ..........

nie, is deur die voorsittende regter afgewys. 'n Petisie wat daarna aan die Hoofregter gerig is, het egter geslaag, en is verlof aan appellant verleen om na hierdie hof te appelleer.

Die voorval wat tot die vervolging van appellant en Zagarias gelei het, het op Sondagaand 17 April 1983 in 'n kompartement van 'n spoorwegwa by die Pietersburgse stasie plaasgevind. Die 5 Swartmans wat in die akte van beskuldiging genoem word, het in die kompartement gesit toe appellant sonder enige vooraf waarskuwing met 'n pistool op hulle losgebrand het. Drie van hulle is met noodlottige gevolge getref, terwyl twee die aanslag oorleef het. Appellant het in sy getuienis ter versagting by herhaling gesê

dat ..........

dat hy alle Swartmense haat, en dat hy bedoel het om die passasiers in die kompartement dood te skiet bloot omdat hulle Swartmans was. Uit die oorkonde blyk dat appellant op tienjarige leeftyd 'n traumatiese ervaring beleef het toe hy meegedeel is dat sy moeder op heterdaad betrap is waar sy ontug met 'n Swartman gepleeg het. Dit blyk dat sy 'n alkoholis was en ontug met die Swartman gepleeg het ten einde drank van hom te kry. Appellant kon hierdie ervaring nie verwerk nie, en hy het voortdurend daaroor nagedink veral wanneer hy gedrink het terwyl hy na "treurige" musiek geluister het. Die gesinslewe is ontwrig. Appellant en Zagarias het etlike jare in Kindertehuise tuisgegaan. Appellant het Swartmense as 'n groep geblameer vir die on-

heil ..........

heil wat hom en sy mense getref het.

Wat skoolopleiding betref het appellant tot standerd nege gevorder toe hy besluit het om die skool te verlaat ten einde werk by die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste te verkry. Hy is aangestel as assistent van die bestuurder van 'n diesel eenheid. Hy was gelukkig in sy werk en het 'n redelik goeie salaris verdien. Hy het later 'n huis te huur gekry waar sy vader, suster en 'n werklose broer by hom ingewoon het. Hy en Zagarias het die familie onderhou. Albei van hulle het motorvoertuie besit, alhoewel appellant nie 'n rybewys gehad het nie.

Gedurende die namiddag van die betrokke Sondag het appellant na plate geluister en ook brandewyn gedrink.

Hy ...............

Hy het weer oor sy ongelukkige jeugjare nagedink en dit het sy haat jeens Swartmense laat oplaai tot so 'n mate dat hy besluit het om Zagarias se pistool te leen ten einde Swartmans op die Pietersburg stasie dood te skiet. Hy het sy voorneme met Zagarias bespreek en laasgenoemde het te kenne gegee dat hy bereid was om saam te werk. Gedurende die loop van die namiddag het appellant 'n halfbottel brandewyn leeg gedrink. Getuienis wat ter versagting namens appellant afgelê is wou die indruk skep dat hy redelik sterk onder die invloed van drank verkeer het toe hy kort na 18h00 saam met Zagarias die huis verlaat het ten einde vir diens by die stasie aan te meld. Van die stasie personeel wat met appellant in noue aanraking was het egter getuig dát

hulle ...........

hulle geensins die indruk gekry het dat hy in enige merkbare opsig onder die invloed van drank was nie. Hy het sy take met sy gebruiklike nougesetheid uitgevoer. Hy het normaal gepraat en geloop. Die hof *a quo* het bevind dat die getuienis van appellant se vader en dié van ander getuies wat getuig het dat hy merkbaar onder die invloed van drank was nie geloofwaardig was nie. Die hof was beïndruk deur die getuienis van die loodsvoorman (mnr Bezuidenhout) en die drywer van die dieseleenheid waarop appellant later die aand as assistent sou optree (mnr Viviers) dat appellant "heeltemal normaal" voorgekom en opgetree het. By opweging van die getuienis in verband met drankgebruik en die gevolge daarvan bevind die hof *a quo* soos volg:

"Die .............

"Die onus rus op die beskuldigde om op 'n oorwig van waarskynlikhede versagtende omstandighede aan te toon. Wat die aspek van drank betref, is die getuienis van die Staatsgetuies Bezuidenhout en Viviers nie werklik in geskil geplaas nie. Dit is veral nie aan die Staatsgetuies gestel wat die beskuldigdes se vader en halfbroer Van Rensburg met betrekking tot die toestand van beskuldigde 1 sou getuig nie.

In die omstandighede is ek van mening dat die Hof nie die getuienis van die beskuldigdes se vader en Van Rensburg met betrekking tot beskuldigde 1 se toestand van intoksikasie bo dié van Bezuidenhout en Viviers kan aanvaar nie. Die Hof is trouens van mening dat die beskuldigdes se vader en halfbroer, Jan van Rensburg, hulle getuienis in hierdie verband aangedik het en dat beskuldigde 1 beslis nie tot so 'n mate onder die invloed van drank was as wat hulle wil voorgee nie.

Die Hof aanvaar dat beskuldigde 1 wel die betrokke Sondag gedrink het,

maar .........

> maar die Hof is eenparig van mening dat die drank nie beskuldigde 1 se gemoedstoestand op so 'n wyse beïnvloed het dat hy, wat sy wandade betref, met minder verwyt bejeen kan word nie."

Die appellant en Zagarias is vir die tydperk 16 Junie 1983 tot 20 Julie 1983 onder observasie by Weskoppies Hospitaal aangehou. Prof. Plomp, eerste psigiater verbonde aan die hospitaal en mede-professor in psigiatrie aan die Universiteit van Pretoria, het met betrekking tot die geestestoestand van appellant en Zagarias getuig. Dr. J P Verster, 'n psigiater in privaat praktyk, het ook vir appellant en Zagarias ondersoek. Die twee psigiaters het gesamentlik verslag gedoen. Wat dit betref lui die uitspraak soos volg:

"Volgens ................

"Volgens gesamentlike psigiatriese verslae van hierdie twee psigiaters blyk dit dat daar nie by een van die twee beskuldigdes enige geestesongesteldheid of geestesgebrek gevind was nie. In die geval van beide beskuldigdes het die psigiaters egter bevind dat die beskuldigdes emosioneel onvolwasse is. Die psigiaters het egter verder bevind dat die graad van emosionele onvolwassenheid in nie een van hierdie twee gevalle voldoende is om 'n diagnose van persoonlikheidsafwyking te maak nie. Prof. Plomp het die hele verhoor bygewoon en al die getuienis aangehoor. Prof. Plomp het tydens sy getuienis daarop gewys dat beide beskuldigdes gedurende die laaste jare goed in die samelewing funksioneer. Hulle het die finansiële verantwoordelikheid van hulle vader, werklose broer en suster op hulle geneem en hulle ondersteun. Dit blyk selfs dat hulle hulle vader en suster op emosionele vlak ondersteun het. Verder blyk dit dat beide beskuldigdes gelukkig in hulle werk by die Suid-Afrikaanse

Vervoerdienste was en dat hulle hulle onderskeie take daar nougeset verrig het.

Op grond van hulle bevindings was die psigiaters eenparig van oordeel dat daar geen persoonlikheidsgebrek by enigeen van die twee beskuldigdes was nie. Aan die ander kant was daar wel tekens van emosionele onvolwassenheid by beide die beskuldigdes gevind. Volgens prof. Plomp blyk dit onder andere uit beskuldigde 1 se inter-persoonlike afhanklikheid van sy jonger broer, beskuldigde 2, wat amper drie jaar jonger as hy is. ŉ Verdere teken van beskuldigde 1 se emosionele onvolwassenheid blyk uit sy onredelike en irrasionele haat teenoor Swartmense as ŉ groep. Prof. Plomp het in hierdie verband ook gewys op beskuldigde 1 se self pynigende martelaarshouding met betrekking tot die onaangename gebeure uit sy jeugjare en beskuldigde 1 se neiging om die hartseer te vertroetel tot op ŉ punt van selfbejammering."

In die hof a quo is namens appellant betoog:

> ".... dat die Hof hierdie aspek van die emosionele onvolwassenheid van beskuldigde 1 sal oorweeg as 'n faktor wat saam met beskuldigde 1 se agtergrond, sy jeugdigheid en sy drankverbruik beskuldigde 1 se gedagtegang tot so 'n mate beinvloed het dat dit beskuldigde 1 se morele verwytbaarheid vir die dade verminder."

Die slotsom waartoe die hof a quo geraak het blyk uit die volgende passasie in die uitspraak:

> "Ek mag meld dat beskuldigdes uitdruklik getuig het dat hulle nie hierdie dade gepleeg het omdat hulle lede van enige politieke party is of omdat hulle deur enige politieke party opgesweep is om hierdie dade te verrig nie. Dit is trouens gemene saak dat die politiek as sodanig geen rol by die pleging van hierdie misdade gespeel het nie.
>
> Die Hof het ernstige oorweging ge-

gee ........

gee aan die faktore wat deur mnr. Van den Heever namens beskuldigde 1 aangevoer is, maar die Hof het eenparig bevind dat dit nie versagtende omstandighede uitmaak nie. Die Hof kan nie uit die oog verloor op watter genadelose wyse beskuldigde 1 volgens sy eie getuienis die vyf onskuldige Swart slagoffers doelbewus na 'n leë kompartement gelei het met die uitdruklike oogmerk om hulle daar koelbloedig af te maai nie. Beskuldigde 1 het getuig dat hierdie vyf Swartes hom hoegenaamd geen leed aangedoen het nie maar dat hy Swartes in die algemeen gehaat het en dat hy hierdie vyf geskiet het met die doel om hulle dood te skiet.

In die lig van al hierdie omstandighede is die Hof eenparig van mening, en is dit ook die Hof se bevinding, dat daar in die geval van beskuldigde 1 GEEN VERSAGTENDE OMSTANDIGHEDE met betrekking tot die drie moord aanklagte aanwesig is nie."

In hoër beroep voor hierdie hof is namens appellant

betoog dat alhoewel hy tydens die pleging van die misdrywe 21 jaar oud was, hy

> "inderdaad die peil van ontwikkeling, agtergrond en rypheid van 'n jeugdige en selfs tienderjarige gehad het."

Dit is betoog dat die hof a quo gefouteer het deur nie appellant se jeugdigheid as 'n versagtende omstandigheid te aanvaar nie. Alhoewel die psigiatriese getuienis op 'n mate van emosionele onvolwassenheid by appellant dui, blyk dit uit die getuienis as 'n geheel dat hy nogtans in die gewone loop van sake as 'n volwassene opgetree het. Hy het, byvoorbeeld, 'n vaste betrekking gehad en sy werk op 'n nougesette wyse verrig. Hy het verantwoordelikheid aanvaar vir die onderhoud van sy vader, 'n werklose broer en 'n jonger suster. Dit blyk

ook ..............

ook nie dat appellant die misdrywe gepleeg het as gevolg van beïnvloeding deur andere nie.

Voorts is betoog dat die hof *a quo* te min gewig geheg het aan die psigiatriese getuienis met spesifieke verwysing na appellant se agtergrond. Die hof *a quo* het nie die psigiatriese getuienis verontagsaam nie, maar het appellant se agtergrond nie as 'n versagtende omstandigheid aanvaar nie. Na my mening verstrek appellant se agtergrond 'n verduideliking vir die onredelike en irrasionele haat wat hy jeens Swartmense gekoester het. Na my mening het dit nie 'n versagtende omstandigheid daargestel nie.

Dit is ook aangevoer dat die hof *a quo* gefouteer het deur te min gewig te heg aan die rol en die effek wat die

drank op appellant se oordeelsvermoë gespeel het in die beplanning en uitvoering van die misdrywe. Na my mening het die hof *a quo* om goeie redes getuienis dat appellant sterk onder die invloed van drank was toe hy die huis verlaat het om hom by die stasie vir diens aan te meld verwerp. Die hof *a quo* het aanvaar dat appellant gedurende die loop van die namiddag brandewyn gedrink het. Getuienis dat hy nie merkbaar onder die invloed van drank was nie toe hy hom by die stasie vir diens aangemeld het is deur die hof *a quo* aanvaar. Dit blyk na my mening moontlik te wees dat drank 'n rol by die beplanning van die misdrywe gespeel het. Die vraag is egter of dit in enige mate 'n rol by die pleging van die misdrywe gespeel het. Wat dit betref het die

hof ..............

hof a quo na my mening om goeie redes besluit dat nie bewys is dat sterk drank enige beduidende rol by die pleging van die misdrywe gespeel het nie.

Ten slotte is betoog dat die hof a quo te min gewig geheg het aan die impulsiwiteit van die appellant se besluit die betrokke dag insoverre dit die beplanning van die betrokke misdrywe betref. Na my mening kan dit kwalik gesê word dat die getuienis daarop dui dat die beplanning "impulsief" was. Die beplanning is gedoen terwyl appellant gedrink het en musiek gespeel het wat bereken was om hom tot droefheid te stem. In ieder geval blyk dit uit die getuienis dat appellant ruim tyd tot besinning gehad het voordat hy op die Swartmans geskiet het.

Na ................

Na my mening blyk dit uit die oorkonde dat die hof *a quo*, wat betref die bevinding dat dit nie bewys is dat versagtende omstandighede by die pleging van die misdrywe aanwesig was nie, geen onreëlmatigheid of mistasting begaan het nie. Geen wesentlike aspek wat op moontlike versagting gedui het is buite rekening gelaat nie. Na my mening kan dit ook nie gesê word dat 'n hof nie redelikerwyse tot die slotsom kon geraak het dat versagtende omstandighede nie by die pleging van die moorde aanwesig was nie.

Inmenging deur hierdie hof in die bevinding van die hof *a quo* dat nie bewys is dat versagtende omstandighede by die pleging van die misdrywe aanwesig was nie is derhalwe nie geregverdig nie.

Derhalwe word die appèl afgewys.

P J WESSELS, Wn AR

JANSEN, AR
JOUBERT, AR
VAN HEERDEN, AR } Stem saam
SMALBERGER, Wnd AR